

Duits Derde Taal HG

Soos in die verlede was die punteverspreiding in albei vraestelle weer eens opmerklik groot – van uiters power tot briljant!

Vraestel 1

Woordeskat en Strukture

Om 'n vreemde taal aan te leer, beteken om daaglik nuwe woorde en wendinge te leer totdat – op matriekvlak – 'n minimum van 2000 woorde bereik is. Om 'n vreemde taal aan te leer beteken voorts om funksionele grammatika te leer. Sonder die kognitiewe aspek van taalleer kan geen sukses behaal word nie.

In die gevalle waar leerlinge swak gevaar het, was dit duidelik dat bogenoemde aspekte min of geen aandag geniet het nie. Die rede vir hierdie versuim bly egter in die duister.

Skriftelike Uitdrukking (Briewe):

Leerlinge wat vandag Duits leer is in 'n besonder bevoorregte posisie om-dat die moderne kommunikasiemiddels vir hulle al die geleenthede bied om op 'n realistiese wyse skriftelik met moedertaalsprekers en ander vreemde taalleerders van oor die hele wêreld te kommunikeer en sodoen-de hulle skriftelike vaardighede te slyp. Kandidate wat in die eksamen nie ten opsigte van “Adressatenbezogenheit” kon oortuig nie, het nagelaat om van hierdie moontlikhede gebruik te maak. Aan die positiewe kant was dit duidelik dat diegene wat tog gereeld aan penmaats geskryf het, nie net in staat was om te kommunikeer nie, maar ook internasionale betrekkinge opgebou het waarby hulle in die toekoms nog groot baat gaan vind.

Dit is juis die skriftelike kommunikasie wat in die toekoms veel meer aan-dag sal moet geniet omdat die Onafhanklike Eksamenraad vanaf 2008 die verantwoordelikheid vir die eksamen oorneem en oormatige gewig op hierdie vaardigheid plaas.

Vraestel 2

Leesbegrip

Die vaardigheid waarvan ons kandidate heel waarskynlik in die toekoms die meeste sal gebruik maak, is lees en verstaan. Dit was dus bemoedigend om te sien, dat persentasiegewys nog meer kandidate goeie resultate in die tweede vraestel behaal het. Dit is duidelik dat die meeste leerkragte die nodige aandag aan leesstrategieë in hulle onderrig geskenk het.